**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**SEPTEMBER 2018**

**PROEFEKSAMEN**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *16* bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: BEGRIPSTOETSE | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: TAALWERK | (40) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

**AFDELING A : LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: ARTIKEL**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

# Daai jaar na matriek







***Dis heeltemal oukei as jou kind nié die jaar ná skool gaan studeer nie, meen kenners. Wat wel belangrik is, is dat so 'n jaar konstuktief aangewend word om jou kind te laat groei.***

**Deur** MARETHA BOTES

1. Dit is dikwels een van die opwindendste, maar skrikwekkendste tye van 'n mens se lewe – dié tyd vandat die matriekeindeksamens begin tot jy die eerste treë in die grootmenswêreld moet gee. Dikwels word verkeerde loopbaanbesluite onder druk of uit pure onkunde geneem.

2. Slegs een derde van Suid-Afrikaanse studente wat vir 'n driejarige kwalifikasie by 'n tersiêre instelling ingeskryf is, voltooi hul graad. Dit is volgens navorsing deur prof. Amanda Lourens van die Noordwes-universiteit. Die navorsingstudie het bevind ongeveer 24% van studente wat vir 'n driejaarkwalifikasie inskryf, val gedurende die eerste studiejaar uit. Ongeveer 43% van studente val ná die derde jaar uit (en voltooi nie die graad nie) en slegs 21% voltooi 'n driejaarkwalifikasie in die minimum tyd.

3. Volgens Amanda is hierdie uitvalsyfers heelwat hoër as dié van internasionale universiteite. Van die belangrikste redes vir hierdie hoë uitvalsyfer is dat studente skielik baie onafhanklik is en hulle weet nie hoe om dit te hanteer nie; studente maak verkeerde beroepskeuses en kies halsoorkop studierigtings sonder om regtig te weet wat die studierigting of werk behels en studente kan dit finansieël nie bekostig nie.

4. Toe Linda de Rooster, opvoedkundige sielkundige van Pretoria, besef haar oudste seun is onseker oor wat hy ná skool wil doen, het hulle op 'n sogenaamde *gap*-jaar ooreengekom. "Ons glo nie daarin om jongmense universiteit toe te stuur om sommer enige kursus te doen net sodat hulle darem 'iets doen' nie. Dit is geldmors," sê Linda. Dié seun, Jurie, het 'n ruk in 'n restaurant gewerk en ná die jaar het hy self besluit om ingenieurswese te studeer. "Hy het baie daaroor gelees, met mense gesels en self besef dis waarin hy belangstel," sê Linda. Haar jongste seun, Kris, het egter in sy matriekjaar reeds besluit hy wil 'n BCom-rigting inslaan en is glad nie spyt daaroor nie. "Hy was 100% seker wat hy wou doen. Dit hang dus van die indiwidu af," sê Linda.

5. "Ouers moet egter baie seker maak hulle stuur nie hul kind teen wil en dank universiteit toe om iets te gaan studeer waarin hy of sy glad nie belangstel nie. Dit werk dikwels nie uit nie. As 'n kind se belangstellings gedurende sy of haar matriekjaar nog nie vorm aangeneem het nie, is dit beter om 'n slypjaar te neem." Linda sê so 'n slypjaar moet 'n kind verantwoordelikheid en onafhanklikheid leer.

6. "Verantwoordelikheid, want hulle moet elke oggend opstaan en werk toe gaan (byvoorbeeld) en leer om met geld uit te kom; en onafhanklikheid, want hulle moet leer dat hulle nie altyd op Ma en Pa kan terugval nie."

7. "'n Loopbaankeuse is net so 'n groot en belangrike keuse soos dié van 'n huweliksmaat," sê dr. Hanri de la Harpe, hoof van die Equilibria School of Life op Potchefstroom. "'n Rypwordingsjaar is van onskatbare waarde om jongmense te help om hulself te leer ken om agter te kom wat hul unieke passies, talente en aanleg en wat hul 'plek in die lewe' is.

8. Wanneer die hoë uitvalsyfers op universiteite in ag geneem word, voorkom 'n slypjaar dat ouers geld verkwis aan universiteitkoste (wat gemiddeld R45 000 per jaar beloop) wanneer studente as gevolg van aanpassingsprobleme of verkeerde loopbaankeuses uitval. Dis nou moeiliker as ooit tevore om 'n ingeligte en korrekte beroepskeuse te maak." In die ou dae was daar 'n paar hoofstroom beroepe waaruit jongmense kon kies.

9. Die beroepswêreld bestaan egter vandag uit talle nuwe spesialiteitsrigtings wat uit die moderne tegnologie ontstaan het. Dit word al hoe moeiliker vir beroepsvoorligters om met die vinnig veranderende bedryf tred te hou. "Om dinge te vererger, is skoolverlaters dikwels geforseer om tydens 'n baie druk program en eksamens een van die belangrikste besluite van hulle lewe te neem, naamlik watter loopbaan om te volg," sê dr. Hanri. Sy het besluit om 'n postmatriekjaar program te ontwikkel wat daarop gerig is om jongmense selfstandig te maak en te help om hul "plek in die wêreld" te vind. "Heelwat tyd in die studieprogram word aan beroepsleiding, persoonlike beroepsnavorsing,

intensiewe selfkennistoetse en profileringstoetse (wat persoonlikheidstipe en aanleg bepaal) bestee.

10. 'n Beroepseminaar, wat 'n oorsig oor verskillende beroepe gee, bied ook aan studente die geleentheid om meer oor 'n verskeidenheid beroepe te leer. Die slypjaar bied ook die tyd en omgewing vir persoonlike groei en ontwikkeling wat jongmense help om die korrekte beroepskeuse te maak," sê dr Hanri.

**(https://www.vrouekeur.co.za/leefstyl/ouerskap/daai-jaar-na-matriek, 7/25/2018)**

**1.1 Kies die korrekte woord en skryf dit dan neer.**

**Dit is volgens die stuk (aanvaarbaar/onaanvaarbaar) om 'n slypjaar te neem. (1)**

**1.2 Haal twee aparte woorde uit die stuk aan wat vir ons beskryf hoe die tyd tussen jou eindeksamen en die begin van die nuwe fase in jou lewe jou kan laat voel. (paragraaf 1) (2)**

**1.3 Gee twee oorsake van verkeerde loopbaanbesluite uit die leesstuk. (2)**

**1.4 Hoeveel Suid-Afrikaanse studente wat 'n driejarige kursus doen, voltooi hulle graad? (1)**

**1.5 Wie het navorsing oor die slaagsyfer van studente gedoen? Gee die persoon se titel, naam en van. (1)**

**1.6 Die volgende stelling is ONWAAR. Haal uit die stuk aan om dit te bewys.**

**43% studente voltooi 'n driejaarkwalifikasie in die minimum tyd. (1)**

**1.7 Daar is meer studente in Suid-Afrika wat nie hulle studies voltooi nie as studente in ander lande.**

**1.7.1 Stem jy saam met bogenoemde stelling? JA/NEE?**

**1.7.2 Haal 'n sin uit die stuk aan wat jou antwoord bewys. (1)**

**1.8 Gee twee redes, volgens die studie, waarom studente nie hulle studies voltooi nie. (2)**

**1.9 In watter beroep is Linda de Rooster? (1)**

**1.10 Wat het Linda besef ten opsigte van haar ouste seun, Jurie? (1)**

**1.11 Wat het Jurie uiteindelik, na 'n jaar, besluit om te studeer? (1)**

**1.12** **Het Linda se jongste seun, Kris, dieselfde probleem as Jurie gehad? Haal twee opeenvolgende woorde aan as bewys vir jou antwoord.** **(1)**

**1.13** **Noem die twee dinge, volgens Linda, wat 'n kind gedurende sy/haar slypjaar moet leer. (paragraaf 6)** **(1)**

**1.14** **Hoe sou jy bewys jy is verantwoordelik terwyl jy op jou slypjaar is?** **(1)**

**1.15** **Waarmee vergelyk dr Hanri de la Harpe 'n loopbaankeuse?** **(1)**

**1.16** **Gee 'n sinoniem uit die stuk vir 'n "slypjaar". (Nie "gap"jaar nie) (paragraaf 7)** **(1)**

**1.17** **Wat is die gemiddelde koste van 'n universiteitskursus per jaar?** **(1)**

**1.18** **Hoekom was dit makliker in die ou dae om die korrekte beroepskeuse te maak?** **(1)**

**1.19** **Pas die woorde in KOLOM B by die name in KOLOM A. Skryf slegs die nommer en korrekte letter langsaan, bv. 1.19.1 A.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.19.1 Prof Amanda Lourens | A. Sy het 'n postmatriek program ontwikkel. |
| 1.19.2 Linda de Rooster | B. Sy werk vir die ATKV. |
| 1.19.3 Dr Hanri de la Harpe | C. Sy werk in Potchefstroom. |
| | D. Sy kom van Pretoria af. |


**(3)**

**[24]**





**TEKS B: STATISTIEKE**




1.20 Wat leer ons uit bogenoemde statistieke? (1)

1.21 Hoeveel graad 10's was daar in 2014 in KZN se skole? (1)

1.22 Skryf die volgende sinne oor volgens <u>beste</u> tot <u>swakste</u> uitslae:

- In die Oos-Kaap het 105 052 graad 10's nie hulle matriek voltooi nie.
- KwaZulu-Natal het 166 784 graad 10's gehad wat onsuksesvol was.
- In Wes-Kaap het 32 072 graad 10's uit die bus geval.
- 41 286 graad 10's in Noordwes kon dit nie maak nie. (4)

[6]

TOTAAL AFDELING A: 30

## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder deur en voer die instuksies uit.

**VRAAG 2**

**INSTRUKSIES:**

1. Som die SEWE knelpunte oor **boelies** in jou eie volsinne op.
2. Skryf die hoofgedagtes puntsgewys neer.
3. Nommer die hoofgedagtes van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**IS JY 'N BOELIE? LEES DAN HIER.**

Die kliniese sielkundige, Alitha Pithey sê die volgende:

1. Plaas jou in jou slagoffer se skoene. Hoe sou jy voel?

2. Jou woede of hartseer gaan nie verlig word deur ander kwaad aan te doen nie.

3. As jou vriende jou leer om ander af te knou, kry vir jou 'n nuwe, positiewe vriendekring. Vriende wat mekaar se gedrag sleg beïnvloed, is nie goed vir mekaar nie.

4. Praat met jou ouers oor jou gevoelens of probleme. As jy voel hulle luister nie, kry iemand anders wat jy vertrou en wat 'n goeie rolmodel is.

5. As jy aangaan met jou boeliegedrag, kan dit vererger en lei tot gedrag wat ander mense afstoot. Dit kan ook uiteindelik lei tot misdadige optrede soos diefstal, vandalisme of ernstige aanrandings.

6. Die magsgevoel wat jy ervaar wanneer jy iemand boelie, hou nie lank nie. As jy daarmee aanhou, word dit 'n gewoonte om aanhoudend verkeerd op te tree om daardie magsgevoel te ervaar.

7. Stel vas wat jy nodig het om dit vir jou moontlik te maak om jou gedrag te verander. Vra hulp by jou ouers en onderwysers en nuwe, goeie vriende.

[Verwerk uit *Huisgenoot,* 20 September 2012]


**TOTAAL AFDELING B: [10]**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.

**TEKS D**



**(3.1) Die motor wat (3.2) Suid Afrika al lankal bewonder (3.3) het sopas beter geword met die vervaardiging van ons nuwe reeks (3.4) wiel.**

**Besoek gerus ons (3.5) webtuiste by www.mitsubishi.co.za of kontak ons by 0800 069069.**

3.1 Wat word in hierdie advertensie geadverteer? (1)

3.2 Verbeter die spelling van "Suid Afrika". (1)

3.3 Vul die korrekte, ontbrekende, ***LEESTEKEN*** in die volgende sin. Skryf die sin oor en onderstreep die leesteken.

**Die motor wat Suid Afrika al lankal bewonder het sopas beter geword.** (1)

3.4 Gee die meervoud van die woord in hakies in die volgende sin. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.

**Die motor wat Suid Afrika al lankal bewonder het sopas beter geword met die vervaardiging van ons nuwe reeks (wiel).** (1)

3.5 Skryf die twee maniere waarop jy in kontak met hierdie mense kan kom as jy meer wil weet. (2)

3.6 As jy na al die balle by die motor kyk, watter sport word deur Mitsubishi geborg? (1)

3.7 Watter bewys is daar dat dit 'n Mitsubishi bakkie is? (1)

3.8 Haal twee opeenvolgende woorde uit die advertensie aan wat aandui dat ons land 'n ruk lank gewag het vir hierdie advertensie. (1)

3.9 Volgens die advertensie, wat gaan die Mitsubishi motor beter maak? (1)

[10]

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg is op onderstaande strokiesprent gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

## TEKS E

1 2 3




4 5 6

4.1 **Die twee mense word _deur_ 'n kat bedien.**

Gebruik die ***HOMONIEM***, "deur" in 'n sin sodat dit 'n ander betekenis het as in die sin hierbo. (1)

4.2 Vul die korrekte ***VOORSETSEL*** in die oop spasie in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Jon en sy nooi sit ___ 'n restaurant. (1)

4.3 Gee die ***OORTREFFENDE trap van vergelyking*** vir die woord in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Die meisie is die (tevrede) met die kelner se diens. (1)

4.4 Vul die ***LEES-EN SKRYFTEKENS*** in. Skryf die sin weer oor.

die kelner se daar is nie meer kaas oor nie (1)

4.5 Gee die ***VERKLEINWOORD*** vir die woord in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Jon het vir sy nooi 'n klein (ketting) as geskenk gegee. (1)

4.6 Kies die korrekte woord in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Jon kan nie (belowe/glo) dat die kelner so ongeskik met hom is nie. (1)

4.7 Haal een woord uit raampie 3 uit wat aandui dat die kat dalk die kaas geëet het. (1)

4.8 Watter aanduiding was daar dat die rolletjie waarmee die kelner vir Jon gegooi het, hard was? (1)

4.9 Kyk weer na raampie 5. Hoe kan ons aan Jon se gesigsuitdrukking sien dat hy geskok was? (1)

4.10 Skryf die ***SWAK VERLEDE DEELWOORD*** neer vir die woord in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Die (gooi) broodrolletjie het op die grond beland. (1)

[10]

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS F**

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae

**JY MOET OPPAS. JOU SELFOON KAN NET SOOS 'N DWELM WORD.**

Jy gryp (5.1.1) (in die oggend) na jou selfoon nog voordat jou oë mooi oop is. (5.1.2) Jou selfoon is op die bedkassie. Jy voel skielik (5.1.3) (benoud) en alleen. (5.1.4) Jy voel só oor jou selfoon. Die kans is goed dat jy 'n selfoonverslaafde is.

Verskeie studies het al (5.1.5) (verwys/bewys) dat dit moontlik is. In sekere gevalle is die (5.1.6) (negatief) gevolge selfs erger as wat 'n mens mag dink.

Navorsers het bevind dat 'n selfoonverslaafde op dieselfde manier (5.1.7) (reaksie) as iemand wat aan dwelms verslaaf is.
(5.1.8) Selfoongebruikers spandeer baie geld aan selfoondienste. Hulle het later ook nie meer tyd vir die mense om hulle nie. Wanneer dit gebeur, mag dit dalk nodig wees (5.1.9) (bêre jou selfoon 'n bietjie).

Dwelmgebruik veroorsaak probleme vir mense op (5.1.10) (persoonlike) en professionele vlak. Dieselfde gebeur met mense (5.1.11) (wie/wat) aan hul selfone verslaaf is. (5.1.12) Hulle ignoreer hulle werk en hulle kinders.

Jy moet (5.1.13) (eerlik/jou selfoongebruik/elke dag) evalueer. Kyk na jou eie situasie. As jy voel dat jy glad nie sonder jou selfoon kan klaarkom nie, moet jy die rooi (5.1.14) (lig) sien flikker.

**[Verwerk uit *Netwerk24*, 30 Augustus 2016]**

5.1.1 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Jy gryp (in die oggend) na jou selfoon nog voordat jou oë mooi oop is. (1)

5.1.2 Skryf die sin hieronder in die ***ONTKENNENDE VORM***.

Jou selfoon is op die bedkassie. (1)

5.1.3 Gee 'n ***SINONIEM*** vir die woord tussen hakies.

Jy voel skielik (benoud). (1)

5.1.4 Verbind die sinne met die ***VOEGWOORD*** tussen hakies.

Jy voel só oor jou selfoon. Die kans is goed dat jy 'n selfoonverslaafde is. (Indien)

Begin só: Indien ... (1)

5.1.5 Kies die korrekte WOORD uit dié tussen hakies.

Verskeie studies het al (verwys/bewys) dat dit moontlik is. (1)

5.1.6 Gee die korrekte vorm van die ***BYVOEGLIKE NAAMWOORD*** tussen hakies.

In sekere gevalle is die (negatief) gevolge selfs erger as wat 'n mens mag dink. (1)

5.1.7 Vorm 'n ***WERKWOORD*** van die woord tussen hakies.

Navorsers het bevind dat 'n selfoonverslaafde op dieselfde manier (reaksie) as iemand wat aan dwelms verslaaf is. (1)

5.1.8 Skryf die sin in die ***LYDENDE VORM*** oor.

Selfoongebruikers bestee baie geld aan selfoondienste. (1)

5.1.9 Verbeter die sin deur die gedeelte tussen hakies in die ***INFINITIEF*** te skryf. Skryf die hele sin uit.

Dit mag dalk nodig wees (jou selfoon 'n bietjie bêre). (1)

5.1.10 Verdeel die hele woord tussen hakies in ***LETTERGREPE.*** Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Dwelmgebruik veroorsaak probleme vir mense op (persoonlike) en professionele vlak. (1)

5.1.11 Kies die korrekte ***BETREKLIKE VOORNAAMWOORD*** tussen hakies.

Dieselfde gebeur met mense (wie/wat) aan hul selfone verslaaf is. (1)

5.1.12 Skryf die sin in die ***TOEKOMENDE TYD***.

Hulle ignoreer hulle werk en hulle kinders. (1)

5.1.13 Skryf die sin in die korrekte ***WOORDORDE*** oor.

Jy moet (eerlik/jou selfoongebruik/elke dag) evalueer.

Begin só: Jy moet ... (1)

5.1.14 Gee die ***MEERVOUD*** van die woord tussen hakies.

As jy voel dat jy glad nie sonder jou selfoon kan klaarkom nie, moet jy die rooi (lig) sien flikker. (1)

**TEKS G**

5.2 Bestudeer die grapprentjie en beantwoord dan die vrae.




5.2.1 Skryf die volgende sin in die ***INDIREKTE REDE.***

Meneer vra vir Neelsie: "Wil jy 'n slukkie van my koeldrank hê?" (1)

5.2.2 Skryf die volgende sin oor in die ***INFINITIEF.***

Jy moet vir my 'n snytjie brood gee.

Begin so: Jy ***behoort*** ... (1)

5.2.3 Vorm 'n ***SAMESTELLING*** met die woord in hakies.

Hierdie kinders is in 'n (seun+skool). (1)

5.2.4 Vul die korrekte ***PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD*** in die oop spasie in.

'n Mens moet liewer nie _____ koeldrank deel nie. (1)

5.2.5 ***STEL DIE VRAAG*** sodat die onderstreepte deel die antwoord vorm. Skryf die sin oor.

Die span sal om twee-uur by die huis wees. (1)

5.2.6 Skryf die sin in die ***VERLEDE TYD*** oor.

Neelsie, wil jy 'n slukkie van my koeldrank hê? (1)

[20]

**TOTAAL AFDELING C:** [40]

**GROOTTOTAAL:** [80]